NEUTEDOPPER

GEREFORMEERDE KERK AKASIA

VOLUME 25
NR 33
17 SEPTEMBER 2017



OGGENDDIENS 09:00

Sing: Psalm 84: 2, 6
Die geloofsbelydenis van Nicea
Ons lees die wet van die Here soos dit opgeteken staan in Eksodus 20
Sing: Psalm 25:2
Gebed
Sing: Psalm 1:1-3
Skriflesing: Psalm 1
Fokusverse: Psalm 1:1, 6
Tema: **Ware geluk kan ons alleen kry op die weg wat die Here ken, wandel op die weg.**
Preek
Sing: Ps. 32: 1, 6

PREKE: http://www.gkerkakasia.org.za/preek-opnames/

GELOOFSLEERBYEENKOMS 18:00

KOLLEKTES

Onder die diens: Diens van barmhartigheid (Diakonie)
By die deure: Instandhouding van kerk en erediens (Kerkkas)

Spesiale Kollekte: Aand kollektes:
17 September: GKSA Teologiese studentekas

VAN STUDENT NA PROPONENT

Ons verwelkom vanoggend vir proponent Josef Hibbert en sy vrou Anelda hier by ons. Die vorige keer dat Josef hier was, het hy nog as student prakties gedoen. Op 5 Augustus hierdie jaar het Klassis Molopo Josef kerklik geëksamineer. Josef het die ondervraging geslaag en is op die vergadering toegelaat om te proponeer. Hy en Anelda saam met Hom, wag nou op 'n beroep waar die Here hulle in se kerk wil gebruik. Ons vertrou en ons weet dat die beroep op die tyd en na die gemeente wat God bepaal, sal gebeur.

GESAMENTLIKE EREDIENSTE

Die Gereformeerde kerke Akasia en Pretoria-Noord gaan voortaan tydens skoolvakansies gesamentlike eredienste hou. Elke gemeente gaan al om die ander Sondag die erediens aanbied.
Die eredienste begin 9:00.

OKTOBER SKOOLVAKANSIE
1 Oktober - Akasia
8 Oktober - Pretoria-Noord

MEELEWING

Martin Volschenk (A2) (Engela 0713141398) en
Esther Briel (B2 0125494929) is na operasies uit die hospitaal ontslaan.
Ons vertrou saam met julle dat ons hemelse Vader goeie herstel sal gee.

SUSTERS

Teebeurte: September A5 en A6

Wense vir ‘n jaar van genade en seën

17		Wiehann	Venter	A01		0825794211
22		Kobus	Theron	C04	0125422933	0836091471
23		Awie	Nortje	C04	0125425413	0797352760

BYBELSTUDIE

Snr 2000: Dinsdag 26 September 2017 (10:15) aan huis van Elsa de Waal huis 7. Kontak: Danie Malan 0125424241 /+27842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Theresaburg: Dinsdag 26 September 2017 (9:00) Kontak: Nella van der Deventer 0125422688 / +27848022262 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Eden: Dinsdag 19 September. Kontak Dina Leibowitz 0125425141/0842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Amandasig: Donderdag 21 September (10:00). Kontak Annatjie Briel 0125656046/0723688939 (1ste en 3de Donderdag van die maand)

KALENDER

SEPTEMBER

20 Administrasie
21 Etiekgesprek; Diakonie
23 Terreinbespreking
25 Susters: Bestuur
28 Etiekgesprek
29 Skole sluit

OKTOBER

9 Skole open; Seniorlidmate: Bestuur
12 Seniorlidmate: Ete; Musiek; Etiekgesprek
15 Diakonie: Kinderhuisprojek
18 Etiekgesprek
19 Diakonie

NOVEMBER

2 Etiekgesprek; Stokperdjie & Kunsmark
3 Stokperdjie & Kunsmark

UIT DIEP VAN DONKER NAGTE

Oktobermaand roep telkens in herinnering daardie tydperk in die geskiedenis van die kerk toe God vir Luther tot ‘n heldhaftige daad beweeg het en ‘n Calvyn met insig en werkywer seën; toe Hy ‘n vlam van herleweing dwardoor Europa laat ontbrand het. Duisende Christene is in reaksie weens hulle geloof om die lewe gebring. Hulle het geword Psalmsingende belyers, Psalmsingende martelare, Psalmsingende stryders...
Kom herinner jouself opnuut aan ons kosbare Protestanste erfenis en onthou opnuut wat die kerkstryders soos Luther, 500 jaar gelede opgeoffer het, sodat ek en jy vandag o.a. ons eie Bybel in die hand kan vashou en ons geloof in Christus kan bely. Beleef en ervaar die kerkgeskiedenis in ‘n Kaleidoskoop van menslike emosie wat wissel van twyfel, verwarring, angs, smart, wanhoop, hoop, blydskap en vreugde deur *UIT DIEP VAN DONKER NAGTE*.
Moenie die unieke produksie ter viering van die Reformasie misloop nie!

Kaartjies verkoop nou vinnig uit en beloop R80, R120 of R180 afhangende van die sitplek. Bespreek vandag nog by https://tickets.tixsa.co.za/event/udvdn (sien aanwysings aangeheg) of kontantverkope Sondae en Woensdae 10:00-11:00 by GK Centurion se kerkkantoor (Louisa van der Walt: 082-576-0692).

ELJADA HUIS

Om mense wat na Eljada Huis gaan vir hulp (voedsel, klere, meubels ens) te help en die skenkings wat ontvang is nie voldoende is nie, is begin met projekte om selfvoorsienend te wees. Kussings word gemaak waarop ‘n bybelvers borduur word (tans werk hulle aan ‘n bestelling vir 310 kussings), ‘n groentetuin word aangelê (groente word in bottels ingemaak om onder andere ook verkoop te word), strykplanke word oorgetrek, ens. Met al hierdie bedrywighede (ook vervoer na byvoorbeeld dokters ens) is meer hande nodig. Hulp word dringend benodig en lidmate wat kan help kan die tehuis kontak. Kospakkies moet vir 17 gesinne(43 mense) gepak word omdat hulle gedurende die skoolvakansie nie by Eljada Huis kos kry nie.(suiker, gewone en rooibos tee, soja, grondboontjiebotter, konfyt, soppoeier, koekmeel, weetbix, koffie, boeliebeef en hoender, blikkies gemengde groente, kookolie, makaroni, rys en bovril, soppoeiers, pilchards, aanmaak koeldrank, koekmeel en gis). Verder word die volgende dringend benodig: beddens, matrasse, kampbedjies, slaapsakke en beddegoed. ’n Elektriese skeermes word benodig vir ‘n manspersoon wat ‘n baie harde baard het en ‘n gewone lemmetjie net een keer kan gebruik. Daar word ook na die mense se geestelike welsyn omgesien en Bybelstudie gereeld gehou word.

Meer inligting oor die werksaamhede en behoeftes van Eljada huis verskyn op die nuusbrief wat op die kennisgewingsbord van die susters in die kerksaal aangebring is.

Die adres van Eljada Huis is: Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont en die telefoonnommers:

012 377 0503 / 060 984 0809(Annatjie) / 079 377 5711 (Petro).

KOMMUNIKASIE

Preke op ons Webwerf:

Preke kan nou gratis van ons webwerf afgelaai word in die MP3 formaat. Gaan na http:www.gkerkakasia.org.za/preke-aflaai. Die preke sal in die week na die preek gelewer is opgelaai word en sal dan beskikbaar wees om af te laai.

Preke op CDs sal ook nogsteeds beskikbaar wees. Kontak Jaco Theron (072 359 9078) of Dirk Theron (072 272 9652) om te bestel, of vra by ons na die diens.

Jaarlikse Stokperdjie- en Kunsmark

Hierdie jaar se mark word beplan vir DV **Donderdag 2 November Saterdag 4 November**

Hierdie is ‘n besondere geleentheid naas die Koop-en-Kuierdag om saam met gemeentelede en vriende te kuier. Dit is ook ‘n geleentheid waar veral lidmate die produkte van hul talente kan uitstal en verkoop. Deelnemers aan die mark staan slegs 10% van hul verkope se inkomste af aan die kerk en daar is geen ander koste aan verbonde nie.

‘n Teetuin is weer deel van die beplanning en ‘n moontlike konsert die Vrydag- of Donderdagaand word oorweeg. Die Saterdagmiddag is die Diakonie se potjiekosete om 12:00.

Mense wat belangstel om deel te neem aan die mark moet asseblief vir Manda (012 542 4712) kontak.

Ander voorstelle vir die naweek is ook welkom.

MEDIATEEK

Boek: Die belang van die doop vir u kind - Ds CJ Smit

Hierdie boek bied perspektief op die doop, ‘n onderwerp wat vir alle g*elowiges aktueel bly en dikwels die volgende vrae ontlok:*

- ⇨ *Waarom word klein kindertjies gedoop?*
- ⇨ *Is elke dopeling ‘n uitverkorene?*
- ⇨ *Is die* wederdoop, oftewel oordoop, sonde?
- ⇨ Is onderdompeling of besprinkeling die regte metode?

Op hierdie en baie meer vrae wat in die harte van gelowiges brand, gee die boek ‘n Bybelsgefundeerde seining. Omdat die doop uit soveel hoeke belig word, kom mens onder die indruk van die ryk betekenis van hierdie teken van God se trou aan sy volk. Hier word die doop in die totale roeping tot Christen-wees behandel, en nie net as ‘n onderafdeling nie.

Dis ‘n boek wat vir elke gelowige ouer bedoel is: om opnuut die belang van die doop in te sien en weereens versterk te word in geloof.

NEUTEDOPPER

Die nuusbrief word weekliks elektronies uitgestuur. Stuur gerus vir my ‘n e-pos indien jy dit nie ontvang nie, sodat ek die e-pos adreslys kan opdateer.

Onthou asseblief dat die spertyd vir artikels en berigte Donderdae 12:00 is.

Annamie 076 522 1464 annamieroos@gmail.com

BEWARING EN HERWINNING

Dit is sorgwekkend om te dink dat alles wat verbruik word drie pryse het: die prys in die winkel, die prys wat die omgewing betaal en die prys wat die toekomstige geslagte gaan betaal. Vir sommige mense is verandering pynlik en moeilik. As ons nie gou leer hoe om in harmonie met die natuur te leef nie is ons dalk self ook binnekort op die lys van bedreigde spesies. Die pad na herstel lê in die houding van elke enkeling en kan ook net by elkeen van ons self begin! Hoeveel van ons vullis beland uiteindelik op ’n vullishoop? Die gemiddelde Amerikaner se rommel wat hy weggooi is ná ses weke gelyk aan sy eie liggaamsgewig. Hier by ons gaan dit beslis nie anders nie.

Het jy al vir een oomblik gedink waarheen die vullis gaan nadat jou vullishouer leeggemaak is? Daar is nie ’n wonderplek waar dit beland en verdwyn sonder dat dit enige skade aanrig nie. Die vullis beland of op ’n vullisterrein waar dinge soos plastieksakke en glasbottels duisend jaar gaan neem om te verdwyn, of dit kan dalk verbrand word en só sorg vir enorme lugbesoedeling, of dit kan dalk selfs iewers in ’n seeskilpad se maag beland. Het jy al gesien hoe lyk dit nadat vloedwater deur ’n plek gegaan het? Elke boom in die onmiddellike omgewing is in plastieksakke, bottels en papier gedrapeer. Die hoeveelheid rommel wat in ons land se riviere is, moet rooi ligte laat flikker.

Die tyd het aangebreek dat ons ons vullis minder móét maak, ophou rommel strooi en aktief begin herwin. Begin vandag nog om jou vullis te skei in dinge wat herwin kan word, en nie herwin kan word nie. Daar is min van laasgenoemde. Papier in alle vorms (koerante, boksies, tydskrifte, afvalpapier, rommelpos, selfs toiletrolletjies), harde plastiek, koeldrank- en waterplastiekbottels, koeldrank- en bieraluminiumblikkies, hoort nie in ’n vullisblik nie. Gebruik jou kombuisafval vir jou komposhoop.of begin ’n wurmplaas. As ons nie almal saamspan en ons heel beste doen om ons vullisdromme so leeg as moontlik te kry nie, gaan daar van ons mooi aarde binnekort niks oorbly nie.

Ons het ‘n Bybelse roeping tot die bewaring van die omgewing. Ons maak ‘n verskil aan ons omgewing al is dit hoe klein omdat elke item wat by die kerk afgegee word vir herwinning help dat minder grond aan stortingsterreine afgestaan word. Plaas asseblief herwinbare items in die spesifieke houers in en om die kerkterrein.

Kontak Johann of Franci Dreyer 082 542 6369

KONTAK NOMMERS

LERAAR
Ds Johan Nel
0125424712 / 0760656347
neljohan5704@gmail.com

BREE KERKRAADSKRIBA
Dirk Pelser
0828148331
dpelsergm@gmail.com

KERKRAADSKRIBA
Simon Lessing
012-5422292/0727508653
simonlessing9@gmail.com

KASSIER
Kontak Finansies Voorsitter
gkakasia@lantic.net

ATTES-SKRIBA
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

NEUTEDOPPER
gkakasia@lantic.net

KERKRAAD DIENSGROEPE

Administrasie
Tinus van Wyk
012-5423963 / 0828590554

Beplanning en Bediening
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Bewaring en Herwinning
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464

Bybelstudie
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Eiendom
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Emosionele Ondersteuning (BvR)
Floors Pelser
012-5422970 / 0721295923

Finansies
Christo Borstlap
0829018361

Fondsinsameling
Kobus Theron
012-5422933 / 0836091471

Gasvryheid
Floors Pelser
012-5422970/0721295923

Gebed
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Jeug
Belydend
Wietske Theron
012-5422933/0829279748
Skoolgaande
Suzette Pëtersen
0845150523

Katkisasie
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464

Kommunikasie
Dirk Theron
0722729652
WEBADRES:
www.gkerkakasia.org.za
Jaco Theron
0723599078

Lektuur
Paul Kruger
0836566299

Musiek
Manda Nel
012-5424712

Ontspanning

Senior lidmate
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

Toerusting
Ds Johan Nel
012-5424712/0760656347

DIAKONIE

Voorsitter
Bettie Kruger
0848404222

Skriba
Dirk Theron
0722729652

Finansies
Dirk Pelser
0828148331

Onderstand
Tuané Pëtersen
0844393673

Kinderhuis
Bettie Kruger
0848404222

Funksies, Projekte
Jaco Theron
0723599078

SUSTERS

Voorsitter:
Manda Nel
012-5424712

Sekretaresse:
Franci Dreyer
012-5423562/0825426369

Tesourier:
Hetta Viljoen
0125423326/0731939017

Begrafnisse:
Martie Bishop
012-5422566/0835914171